

23 April

Skrifgedeelte: Markus 10:13-16
Fokusgedeelte: Markus 10:15 (NAV)

Ontvang die koninkryk van God soos 'n kindjie

Hoe moet 'n mens wees om die koninkryk van God in te gaan? Die Here Jesus sê dat jy soos 'n kindjie moet wees om die koninkryk van God in te gaan.

Die aanleiding tot hierdie uitspraak van die Here Jesus was dat mense, na alle waarskynlikheid moeders, hulle kindertjies na Jesus toe gebring het om hulle te seën. Toe die dissipels dit verhinder het, het Jesus hulle by Hom verwelkom met hierdie uitspraak.

Kinders is in daardie tyd as die geringste in die samelewing beskou. Hulle mag nie aanspraak maak het op Jesus se tyd en aandag nie. Toe nooi Jesus hulle en open die oë vir 'n nuwe waardering vir kinders in sy koninkryk.

Wat sou die moeders hierdie stap laat neem het? Jesus het pas 'n uitspraak gelewer oor egskeiding. 'n Man kon nie net aan sy vrou 'n skeibrief gee en haar wegstuur nie. Hy het so die oë geopen vir 'n nuwe benadering tot 'n vrou in sy koninkryk. Het dit die moeders gemotiveer om ook hulle kinders te bring en toe gehoor het dat die koninkryk van God juis vir mense soos hulle is? Dit beteken mos dat dit 'n gawe van God is wat nooit deur mense verdien kan word nie. Daarom kan 'n mens dit alleen maar soos 'n kindjie ontvang.

Dit gaan nie hier oor die onskuld, nederigheid of blymoedigheid van 'n kind nie. Dan sou niemand dit ooit maak het nie. Dit gaan oor die ontvanklikheid, gewilligheid om te luister en die gawe om onvoorwaardelik te glo soos 'n kind. Glo ons so onvoorwaardelik in ons verlossing in Jesus Christus? Die feit dat 'n kind klein is in sy eie oë en ten volle afhanklik is van diegene wat hom versorg. Is ons so klein voor God dat ons ons telkens voor Hom kan verootmoedig?

So moet ons, ook volwassenes, teenoor God staan om in sy koninkryk in te gaan ... soos 'n kindjie.

Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2, 3

Ds. L van der M Vogel (Walvisbaai/Hentiesbaai)